

3.3.70

190/70.

G.P.S.

J. 445

In the Supreme Court of South Africa In die Hooggereghof van Suid-Afrika

(Appel

DIVISION).
AFDELING).

APPEAL IN CRIMINAL CASE.
APPÉL IN STRAFSAAK.

HERCULES JOHANNES P. TRUS VILJOEN

Appellant.

versus/teen

DIE STAAT

Respondent.

Appellant's Attorney J.M.C. Snijders & de Kock Respondent's Attorney P.G. (Pta.)
Prokureur van Appellant Prokureur van Respondent

Appellant's Advocate J.M.C. Snijders Respondent's Advocate H. Fouche'
Advokaat van Appellant Advokaat van Respondent

Set down for hearing on 24 - 5 - 1971
Op die rol geplaas vir verhoor op

4, 8, 10

(T.I.A.)

Holmes J.A. Muller J.A. Kotze A.J.A.

9.45am - 10.20am.

10.20am - 10.35am.

C.A.U.

26.03.1971 te Katzenbach. Capital trial on the front page.

REGISTRAR, APPELLATE COURT,
COURT HOUSE, 14 JUNE ST.,
JOHANNESBURG.

John G. Steenkamp

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

APPELLATE DIVISION

In the matter between:

HERCULES J.P. VILJOEN Appellant

AND

THE STATE Respondent

Before: Holmes, Muller, JJ.A., et Kotzé, A.J.A.

Heard: 24 May 1971.

Delivered: 26 May 1971.

J U D G M E N T

HOLMES, J.A.:

I agree with my Brother Kotzé on the need for a sentence of imprisonment in this case; but I would suspend half of the proposed period.


In arriving at an appropriate sentence in the case, the main factors to be borne in mind are -

1. "... the sanctity of human life requires to be emphasised whenever a person is unlawfully killed, and drivers of motor vehicles must again and again be reminded that they are in control of an instrument that takes a dreadful toll of life on our highways" - per Schreiner J.A., in R.v. BARNARDO, S.A. 552 (A.D.) at 557 D. This applies

all the more where the circumstances of the culpable homicide involve reckless driving; see R. v. Bredell, 1960 (3) S.A. 558 (A.D.) at 560.

2. The appellant was only 18 years of age when the offence was committed, and had no previous convictions. "Youth is always an element which, depending on the circumstances of the case, tends to mitigate the severity of punishment" - per Ogilvie Thompson, J.A., in S. v. Whitehead, 1970 (4) S.A. 424 (A.D.) at 436 G.
3. "Tereg word gesê dat na skuldigbevinding die regter in 'n ander sfeer verkeer waar die ople van die straf gepaard moet gaan metoordeelkundige genade en menslikheid ooreenkomsdig die feite en omstandighede van die geval". - per Beyers, J.A. in Ex parte Minister of Justice (In re R. v. Berger & Another), 1936 A.D. 334 at 341.
4. The Transvaal Court, in granting leave to appeal, expressed the view that the sentence of imprisonment for twelve months was "buitengewoon swaar".

Balancing the foregoing considerations, I come to the conclusion that, on the facts of this case, a sentence of imprisonment for twelve months would be appropriate but that it would be fair to the State and to the appellant to suspend half of such sentence.



G.N. HOLMES

JUDGE OF APPEAL.

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

HERCULES J.P. VILJOEN.....Appellant

en

DIE STAAT.....Respondent

Coram: HOLMES, MULLER AtRR. et KOTZé Wnd.A.R.

Verhoor: 24 Mei 1971

Gelewer: 26 Mei 1971

U I T S P R A A K.

KOTZé Wnd.A.R.:

As gevolg van n padongeluk wat op 19 Desember, 1969 tussen Pretoria en Kempton Park plaasgevind het en waarin Johannes Albertus Diederichs (hierna "die oorledene" genoem) die lewe gelaat het, het die appellant - n jong seun toe 18 jaar oud en tans 19 jaar oud - voor n streeklanddros tereggestaan op n aanklag van strafbare manslag. Alhoewel hy onskuldig gepleit het, is hy skuldig bevind en gevonnis tot een jaar gevangenisstraf. Sy bestuurderslisensie is ook by

skuldigbevinding...../2

skuldigbevinding ingetrek. Sy appèl teen die vonnis is deur die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die hand gewys.

Hy kom tans met vergunning van die Hof a quo in hoër beroep na hierdie Hof ook slegs teen die felheid van die vonnis.

Die feite van die saak is nie in geskil nie:-

Die appellant was nog besig om militêre opleiding te ondergaan te Heidelberg, Transvaal. Op die betrokke aand het hy Heidelberg vir sy Kersvakansie van tien dae verlaat. Hy was onderweg na sy moeder op Zeerust. Hy was die bestuurder van 'n Volkswagen motorkar. Omstreeks 9.40 nm. terwyl hy van suid na noord op die pad tussen Pretoria en Kempton Park bestuur het was hy besig om 'n voertuig bestuur deur ene Weggenaar in te haal terwyl 'n Renault motorkar met verdoofde ligte van voor af gekom het. Alhoewel Weggenaar, wat die gevaaarsituasie besef het, na links oorbeweeg het, het daar nietemin 'n hewige kop-aan-kop-botsing aan die appellant se verkeerde kant van die pad plaasgevind tussen die Volkswagen en die Renault.

Beide voertuie het aan die brand geslaan. Die appellant was bewusteloos...../3

bewusteloos en het sy bewussyn die volgende dag in die hospitaal herwin. Die oorledene het as gevolg van brandwonde beswyk.

Die landdros het bevind dat appellant teen n spoed van tussen 50 en 55 myl per uur gery het (alhoewel die appellant sy spoed op tussen 50 en 60 myl per uur geskat het), dat die botsing net na n effense draai maar op 'n reguit stuk pad plaasgevind het, dat alhoewel dit donker was die uitsig taamlik goed was, dat die appellant die aankomende ligte moes gesien het, die kar voor hom nie moes verbysteek nie en dat hy nie 'n behoorlike uitkyk gehou het nie. Op een plek se die landdros in sy uitspraak dat die appellant "eintlik roekeloos" was en later dat hy "aan growwe nalatigheid skuldig is."

Met die opleg van vonnis het die landdros die volgende aanmerkings gemaak:-

"Die beskuldigde is 'n jongman, 'n eerste oortreder, daar is geen vorige veroordelings teen hom nie. Die Hof sal in ag neem dat dié tipe dinge enige man kan oorkom, maar indien die Hof in ag neem wat almal weet, dat daar die groot slagting op ons paaie is, en hier is 'n voorbeeld van 'n persoon wat in 'n Volkswagen ry in 'n voertuig, en in die gesig van aankomende verkeer draai hy uit en hy ry verby en hy veroorsaak die dood van 'n persoon, kan nie anders as in 'n baie ernstige...../4

ernstige lig ~~gew~~ gesien word nie. Dit is ongelukkig dat die beskuldigde vandag voor die Hof is en dus moontlik as 'n voorbeeld gehou moet word. Ek is bevrees die tyd is verby waar dit in ag geneem word dat 'n persoon baie jong is of geen vorige oortredings het nie. Die Hof moet nou in ag neem die tipe misdaad wat gepleeg is en ook in ag neem wat die slagting op die paaie vandag is."

Alleenstaande dui die voorlaaste sin in die passasie so pas aangehaal daarop dat die landdros die appellant se jeug en die feit dat hy 'n eerste oortreder is oor die hoof sien by die bepaling van 'n gepaste straf. In sy volle samehang waar hy o.a. sy jeug en sy onbevlekte verlede meld is dit sterk te betwyfel of dit wel die geval is. Hoe dit ook al sy, vereis die ongelukkige woordkeuse van die landdros dat in 'n twyfelagtige geval die uitleg wat die voordeligste vir die appellant is, aangewend behoort te word. Dit volg dus, na my mening, dat hierdie appèl benader behoort te word op die basis dat die landdros wel 'n dwaling begaan het en dat dit hierdie Hof vry staan om, indien hy dit gerade ag, sy eie vonnis op te lê.

Die landdros se ondervinding het hom genoop om die...../5

die slagting op die paaie te benadruk. Ook in die hooggeregs-howe is dit die onrusbarende ondervinding dat noodlottige ongelukke op die paaie veroorsaak deur roekelose of growwe nalatige bestuur nie aan die afneem is nie, waarskynlik aan die toeneem is en dat jeugdige bestuurders ongelukkig tot 'n groot mate tot hierdie toestand bydra. Reeds in 1960 het Schreiner A.R. in R. v. Barnardo, 1960(3) S.A. 552 op 557 D-E gewaarsku:-

"Culpable homicide may often seem to operate hardly upon a person who has caused another's death since no greater moral blameworthiness arises from the fact that the negligent act caused death. Nevertheless the sanctity of human life requires to be emphasised whenever a person is unlawfully killed, and drivers of motor vehicles must again and again be reminded that they are in control of an instrument that takes a dreadful toll of life on our highways."

Kort daarna het Ramsbottom A.R. in R. v. Bredell, 1960(3) S.A. 558 op 560 D-H gesê:-

"The question of punishment in cases of culpable homicide arising out of motor accidents is always a difficult one. The accused, as in the present case, is frequently a person of blameless character who has never before been convicted of any offence. Nevertheless, to be negligent...../6

negligent in the handling of a motor car on the public roads is an offence, and if that negligence causes death a serious crime is committed. This Court has expressed opinions for the guidance of trial Judges as to the type of case in which imprisonment may properly be imposed.

Thus in Rex v. Mahametsa, 1941 A.D. 83,

~~and~~ Centlivres, J.A., at p. 86, said:

'We do not ~~do~~ disagree with the view that imprisonment is an appropriate punishment in cases of recklessness, if by 'recklessness' is meant gross negligence or a wilful disregard of the rights of other road users, as for example in the case of numbers, of accidents which are caused by the dangerous practice of 'cutting in' or driving round a blind corner on the wrong side of the road, or passing another car on the crest of a hill.'

In Rex v. Swanepoel, 1945 A.D. 444, Davis, A.J.A., quoted those remarks and continued:

'Inferentially, the case shows that, in the absence of recklessness or some other high degree of negligence, an unsuspended sentence of imprisonment, without the option of a fine, should not be imposed on a first offender.'

It may be that time has come when it is the duty of judicial officers to exercise greater severity in passing sentence in cases of the negligent use of motor vehicles. A motor car is a most dangerous instrument if negligently handled, and it may be that the only way to remind drivers of their duty to use proper care is for magistrates and Judges to make more frequent use of the deterrent effect of prison sentences. The opinions to which I have referred are not rules of law which are binding on all courts and in proper cases they can be departed from. In the present case however there is no necessity to depart from what was said in those cases."

Steeds, soos juis nou die geval is, word dit betoog dat die neiging behoort te wees om in sake soos hierdie nie onopgeskorte gevangenisstraf op te lê nie. By oorweging van die vraag of hierdie Hof die opgelegde vonnis behoort te versag word ~~xi~~ die punt bereik waar die faktore van afskrikking en persoonsomstandighede teen mekaar opgeweeg moet word. Dit is dan vanpas om in aanmerking te neem dat oor die jare n moontlike oorbeklemtoning van die oorweging dat 'n jeugdige eerste oortreder van gevangenisstraf weerhou behoort te word, waarskynlik ten aansien van gevalle soos die huidige daartoe geleid het dat opgelegde vonnisse nie as doeltreffende afskrikmiddel gedien het nie. Ek is geneë om hierdie afleiding te maak. Na ernstige nadenke, en met behoorlike inagneming van die oogmerke van strafoplegging nl. afskrikking, voorkoming, hervorming, vergelding, die ter-saaklike misdaadomstandighede en die faktore betreffende die persoon van die betrokke individu - S. v. Whitehead, 1970(4) S.A. 424 (A.D.) op 436 E-F - het ek tot die besluit gekom dat met die oog op die ernstige aard van die appellant se nalatigheid en die herhaalde wyse waarop hierdie tipe van oortreding

voorkom, gevangenisstraf van twaalf maande n gepaste vonnis
sou wees. Die appèl word van die hand gewys.

MULLER A.R.) STEM SAAM

R P E. M&E.